2026
24-30Aug


# Eldo-Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week

**Onthou om te rus!** In die moderne lewe is alles so 'n gejaag. Dis kinders rondry, dis hierdie kinderpartytjie, daardie vergadering, daardie byeenkoms, mens is hier betrokke, daar betrokke… Dit voel of mens soms net nie tyd kry om stil te sit nie. Dis dan wanneer ons terug moet gaan na Genesis 2 en lees hoe God die Sabbat ingestel het en hoe Hyself gerus het. Net so moet ons ook tyd maak om te rus - dit is 'n opdrag van die Here! Ons moet tyd maak om fisies, emosioneel en *geestelik* te rus om ons liggaam en siel so te "recharge." So, onthou om te rus!




*Gen. 2:3 - God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar, want op dié dag het Hy gerus van al sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak.*

## Gebedstema vir die week

### Toestemming tot Gebed en Smeking!

Vader God, ek dank U Here vir U geduld met en liefde vir my. Dankie dat U my toelaat om in gebed met U te tree en met U te worstel. Help my, Here, om my hart en onsekerheid voor U uit te pak in eerlikheid en afhanklikheid - en dan te luister vir U stem. Amen.



*Genesis 17:3 Abram het neergeval met sy gesig teen die grond, en God het met hom gepraat. Gen 18:32 (Abram bid) "My Heer moet tog nie kwaad word nie…" Gen 20:17 Abraham het toe tot God gebid.*

## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag 23 Augustus**
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 en Tiener Kleingroepe
(IMPACT NIGHT)

**Sondag 30 Augustus**
09:00 Erediens (Doop)
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 en Tiener Kleingroepe
(HOW TO FAITH - God se wagkamer)

**Sondag 6 September**
09:00 Erediens (Nagmaal)
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 "Kleingroepe met 'n verskil"
Nagmaal




Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**



Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

# Eldo-Chomps

## Mini & Eldo-Chomps
### 3de Kwartaal

16 Augustus - Kinderkerk
23 Augustus - Kinderkerk
30 Augustus - Kinderkerk
6 September - Kinderkerk
13 September - Gesinsdiens
20 September - Kinderkerk

CHOMPS




Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

# Diens@6

## DIENS@6 PROGRAM

- 16 Augustus - Erediens en kleingroepe HOW2SERVE GRAAD 8 EN 9
- 23 Augustus - Erediens + "IMPACT NIGHT" Warm harte, warm hande!
- 30 Augustus - How2Faith (GOD SE WAGKAMER)
- 6 September- Erediens " Kleingroepe met n verskil"
  - Nagmaal
- 13 September- Diens@6 oppidek en Kleingroepe
- 20 September- Diens@6 oppidek en QUIZZ aand
- 27 September- Geen Diens@6 – VAKANSIE
- 4 Oktober - Geen Diens@6 – VAKANSIE
- 11 Oktober - Erediens en Kleingroepe
- 18 Oktober - Erediens en Kleingroepe
- 25 Oktober - Erediens en Kleingroepe
  - Kleingroep partytjies
- 1 November - Diens@6 Oppidek (FEES-SONDAG)
- 8 November - Diens@6 oppidek / Nagmaal
- 15 November- Diens@6 oppidek
- 22 November- Kersfees-aand oppidek
- 29 November- Diens@6 Afsluiting vir 2026

NB – SAVE THE DATE

BELYDENISKAMP GR 10 EN GR 11 – 4-6 DESEMBER







Gaan besoek ons Instagram-blad vir meer inligting!




!!!!!!!!!!!!!!!!

**Onthou om te bespreek, om teleurstelling te voorkom.**

!!!!!!!!!!!!!!!!!






**ADORAMUSDIENS**

Elke Dinsdagaand om 18:30.
Kom deel in die stilte.

## Kantoor Kaskenades

Wat is die beste ding van hysbak grappies?

Hulle is snaaks op soveel verskillende vlakke!







## Eldo Voetspore

Kom vier saam die begin van die lente by Taroko staproetes by Modderfontein op 5 September. Daar is 'n 5km en 11km roete. Daar is ook 'n Boeremark waar jy na die tyd iets kan koop. Kontak Laetitia Marais by 083 606 4280 vir meer inligting.



Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.

## Bybel 101!





### Het jy geweet...

Die boek Rigters is 'n gevaarlike een. Mens moet versigtig wees as jy Rigters lees, want daarin is baie wrede stories. Die doel daaragter is juis om te wys wat met Israel gebeur as hulle nie 'n koning het nie. Die bekenste storie in Rigters, is dié van Simson. As jy braaf genoeg is om hom aan te pak, praat gerus met Ds. Fanie en Ds. Christiaan na die tyd om bietjie leiding rakende dit te kry.

# Overcomers Kosboks Projek

**Dis weer tyd vir ons jaarlikse Kosboks Projek.
Kry op Sondae die boks, vul dit en bring terug.
Ons benodig 100 kosbokse en dit werk ongeveer R480 per boks uit.
Die kruideniers lys is:**

| Aantal | Inhouds-maat | Item beskrywing |
|---|---|---|
| 2 | 410g | Geblikte groente |
| 2 | 400g | Geblikte vleis/boelie-beef/worsies/frikkadelle |
| 2 | 400g | Geblikte Pilchards (nie "hot" nie) |
| 3 | 200g | Soya mince |
| 1 | 1kg | Mieliemeel |
| 1 | 1kg | Suiker |
| 1 | 500g | Pasta (spaghetti) |
| 1 | 500g | Rys / Stampmielies |
| 1 | 1 liter | Langlewe melk |
| 1 | 500g | Hawermout |
| 1 | 130g | Pakkie tee (52 sakkies) |
| 3 | 60g | Pakkies soppoeier |
| 1 | 500g | Groen wasgoedseep (2 blokke) (draai toe *) |
| 1 | 175g | Handeseep (draai toe *) |
| 1 | 100g | Vaseline |
| 1 | 100ml | Tandepasta |
| | Opsioneel: | Lekkers of koekies |



**Indien jy kan help met 'n kontant bydra sal dit baie waardeer word! Onthou om jou verwysing te maak: Kosboks projek**

**Wil jy meer inskakel?**

*Raak Betrokke!*

**by ons Familie!**


# Overcomers sê baie dankie vir Monica Fritz van Outsurance!
# Ons het 'n skenking van 50 kosbokse se inhoud van hulle ontvang!







## Hoe vorder ons doelwit?




100
Kosbokse



# Die gemeentewegbreek by Weesgerus was 'n reuse sukses.





**Die Eerste Gemeente-wegbreek is gehou van 14–16 Augustus by Weesgerus. 22 gesinne, 41 volwassenes en 10 kinders kom bymekaar met een doel: om saam as gemeenskap te kuier, te aanbid, stories te deel, "koinonia" te ervaar, en mekaar op die naam te leer ken. Voorwaar 'n onvergeetlike naweek. Nuwe vriendskappe gesmee, nuwe name geleer.**

**Ons maak weer so volgende jaar!**

















Is jy deel van 'n Omgeegroep?

# Sluit aan!

en word vandag nog deel!

## "Save the date"

| 6 September<br>Koffie Kafee | 13 September<br>Nuwe Intrekkers Geleentheid | 21 September, 16 November<br>Gholfers@Eldo | 24 Oktober<br>Pitkos |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |


| 29 - 31 Oktober<br>Miernesmark | 15 November<br>Gemeente Potluck | 4 - 6 Desember<br>Belydeniskamp |
|---|---|---|
|  |  |  |

## Lewensverryking Seminare






Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by:
083 251 6725 /
087 095 0512



Wil jy graag deur een van die predikante besoek word?

**Kliek hier!**

Vir die huisbesoek-versoekvorm

## Miernesmark










Voorbereidings is volstoom aan die gang.

## Verjaarsdae vir die week

**Baie Geluk!**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Loan Zietsman | 24/8 | Heila Viljoen | 27/8 |
| Lourens Zietsman | 24/8 | Lilian Jansen Van Rensburg | 27/8 |
| Aiden de Vos | 24/8 | Pieter Reyneke | 27/8 |
| Chanté du Plooy | 24/8 | Reinart Steyn | 27/8 |
| Jan Pieters | 24/8 | Linda Marié Krause | 28/8 |
| Anna Jordaan | 25/8 | Ilze Van Der Westhuizen | 29/8 |
| William Skinner | 25/8 | Linah Joubert | 29/8 |
| Henco Coertze | 26/8 | Hester Morkel | 30/8 |
| Gert Prinsloo | 26/8 | | |
| Gertruida Swanepoel | 26/8 | | |



Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!

## Nuwe Intrekkers

Welkom!



Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

## Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente? Skakel asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.



**Het jy enige nood?** Laat weet ons **vir 'n gebedsversoek!**



**Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons**

# Dankie!

**Hiér maak JY saak!**


## Terugvoer van die GR

Die Eldo-Chompssaal is nuut uitgeverf en gaan nuwe baniere kry vir die Kinderkerk waar dit maklik verwyder kan word vir verhurings.
Die kombuis is ook mooi nuut en vars na 'n nuwe laag verf. Gaan loer gerus in beide vertrekke om te sien hoe goed dit lyk.
Die groot saal "ons moederskamer" is in die proses om ook uitgeverf te word. Hou die spasie dop vir die vordering van die saal.
Ons wil ook die geleentheid gebruik om die dames te bedank wat die dek vir ons so mooi versier asook die dame wat die damesbadkamer so mooi opgekikker het. Nogmaals BAIE DANKIE, die moeite word raakgesien en word baie waardeer.

ELDORAIGNE FAMILIEKERK

Hiér maak JY saak




www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

# Kontak ons

**Eldoraigne Familiekerk**
**Bankbesonderhede**

**Bank**: ABSA
**Tak**: Mall@Reds
**Tjekrek**: 3260140042
**Takkode**: 632005
**Verwysing**: Jou van en bv. “Dankoffer” of “Kollekte”

SnapScan

Is jy bewus van ons WhatsApp Community groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Community groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel.

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

**Gaan “Like” ons op Facebook!**

**Gemeentekantoor ure:**
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30


| NOMMERS | AANLYN | ADRES |
|---|---|---|
| Tel: 068 031 8844 | bedien@eldofam.co.za<br>www.eldofam.co.za | Henriweg 1045,<br>Eldoraigne, 0157 |

**Of stuur ons ‘n epos na:**
bedien@eldofam.co.za

## Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



**Christiaan Ackermann**
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650



**Fanie Fourie**
Epos: fanie@eldofam.co.za
Sel: 074 933 2000

*Kontak ons*

**vir huisbesoek, ‘n telefoon oproep of net gesprek!**

## Ondersteun asseblief ons adverteerders



